Ons glo in en herleef of bemagtig nie Christus nie

Ds. PJ Kriel Openbare belydenis en Nagmaal 05.11.2023

Inhoud hierdie preek wys dat ons Christus nie herleef of vernuwe nie maar dat Hy ons vernuwe met die insig dat Hy self God is, dat Hy self vandag mens van vleis en bloed is en dat Hy ons en ons liefde vir God reg maak. Dit staan teenoor al die geestelikheid wat Jesus nuut wil maak, lewend en aktueel wil maak en verander met hulle geestelike toewyding.

Skriflesing Romeine 10: 1 – 15; 2 Korintiërs 11: 13 -17; Deuteronomium 6: 4.5.

Teks Rom. 10: 10 " Want met die hart glo ons en ons word regverdig verklaar, met die mond bely ons en word só verlos."

Tema Ons glo in en herleef of bemagtig nie Christus nie.

1. 7 Jongmense bely openlik hulle geloof in Jesus Christus die Here vanoggend in ons erediens en kry só toegang tot die Nagmaal. Ons as gemeente van die Here het ons opdrag wat ons van die Here Jesus ontvang het in Matteus 28: 19 "Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat ek julle beveel het" , teenoor hierdie jongmense uitgevoer. Ons het hulle elkeen as babas gedoop in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees, en in die afgelope twee jaar het ons hulle alles geleer wat die Here ons as kerk beveel het om vir hulle te leer.

Daarom kan ons hulle as dissipels van die Here hulle geloof in die Here openlik laat bely en hulle geloofsgehoorsaamheid aan die Here openlik verklaar.

Hulle geloofsbelydenis is 'n belydenis oor Jesus Christus die Here.

Met hulle harte glo hulle die volle evangelie van Jesus Christus as die Here en daarom kan hulle dit openlik met hulle monde bely. Waarvan die hart van vol is, loop die mond van oor.

2. Die geloof in die hart en mond waarvan Paulus in Rom. 10 van praat is baie spesifiek die geloof dat Jesus Christus die Here is.

Die Jode het ook 'n geloofsbelydenis tot vandag toe nog en dit word die " Shema Israel". Hulle geloofsbelydenis is letterlik die woorde van Deut. 6: 4 en 5 "Shema Israel" is die eerste twee woorde van hierdie belydenis: "Luister Israel, die Here is ons God, die Here alleen. Jy moet die Here god met hart en siel liefhê en met al jou krag."

Paulus verklaar in Rom. 10: 1 – 4 dat hulle met hierdie geloofsbelydenis vol ywer vir God is maar sonder die regte insig. Dit beteken met hierdie geloofsbelydenis is hulle ywerig besig om God te dien, met die verkeerde insig oor wie God en hulle is. Met hierdie geloofsbelydenis oor een Here en hulle liefde vir hierdie Een Here, het hulle geglo dat hulle met hierdie geloof en liefde, hulself vir God reg maak. (Rom. 10: 3) En dit was wat verkeerd was met hulle geloofsbelydenis en ywer om God te dien.

3. Wat is die regte insig om God mee te dien?

Ons glo in en herleef of bemagtig nie Christus nie

Paulus stel dit so: Om met jou mond te bely dat Jesus die Here is. Dit is ingrypend. Jesus wat as mens gebore is – is die Here van Deut. 6: 4! Jesus self is die Here van die Joodse geloofsbelydenis: “Luister Israel, Die Here is ons God, die Here alleen.” Jesus wat uit die maagd Maria gebore is, is Jahweh, die Here God van Israel. Jesus is self die “Here alleen.” Dit is die verkeerde insig van die Jode. Hulle glo in die Here God, wat alleen die Here is, maar glo nie dat Jesus Christus die Here God is wat alleen God is nie.

Die regte insig om God mee te dien, is volgens Paulus om te glo met jou hart dat God die Vader Jesus uit die dood uit opgewek het. (10: 9) Jesus Christus is vandag nog steeds mens van vleis en bloed in die hemel, terwyl Hyself die Here God met ons is. Die verkeerde insig waarmee die Jode God ywerig dien, is om nie te glo dat Jesus uit die dood uit opgestaan het nie.

Die regte insig in God is dat God ons regverdig maak. (10:6) Dit is God wat ons reg en volkome vir sy liefde maak, regverdig en heilig. Deur ons in te sluit in wie Jesus Christus vandag as mens in die hemel is, leef ons in hierdie wisselwerking in ons vereniging met Christus: Syne is myne en myne is Synde. Al my sondes wat ek my hele lewe lank sal doen, is die Here Jesus se sondes en Hy het dit verreken as sy sondes (2 Kor. 5: 21) in sy lyding, kruisiging en dood. My hele lank is ek ingesluit en deel ek in Christus se regverdigheid en heiligheid as mens, as my eie en so is ek en my liefde met al my foute, gebreke, onvolledigheid en halfhartigheid vir God reg en volkome.

Die verkeerde insig van die Jode is dat hulle ywerig God liefhet volgens sy wet om daardeur vir God reg en volkome te wees. (10: 2,3) Hulle wil hulle met ywerige liefde vir God regmaak vir God.

Die regte insig oor verlossing deur Jesus Christus is dat Hy ons verlos van ons ywerige geestelikheid waarmee ons ons deel van God se liefde probeer maak. (Rom.10:1 9,10) Jesus Christus verlos mense van ywerige geestelikheid waarmee mense God se liefde hul eie probeer maak en laat ons in god se volle liefde leef slegs deur ons geloof in Jesus Christus die Here. (10:4)

4. Wat doen die Jode met hulle ywer vir God sonder die regte insig met die Messias, die Christus?

Paulus wys op twee dinge wat hulle met hulle verwagte Joodse Messias doen. 1. Hulle bring Hom uit die hemel af aarde toe en 2. Hulle bring hulle Messias uit die dood terug om weer ‘n lewende Messias tussen hulle te wees.

Die wyse waarop die Jode ywerig hulle verwagte Messias van die hemel aarde toe gebring het, was om God se koninkryk in die wêreld te laat kom met hulle geregtigheid volgens die wet. So wou hulle vir die Christus ‘n troon op aarde gemaak waarop hy namens God saam met die Jode oor die wêreld moet kom regeer.- dit wat Jesus self genoem het “die stoel van Moses.”

Verder wou die Jode elke keer vir die persoon wat hulle geglo het hy is die Messias en dan doodgegaan het, weer lewend maak met ‘n nuwe persoon wat dan nou weer

die nuwe Messias is tot die groot leier sal kom en die Joodse godsdiens die wêreld se enigste godsdiens sal maak, met opvolgers uit die geslag van Dawid en Jerusalem as die geestelike middelpunt van die wêreld. So sal vir elke Christus wat dood gaan 'n nuwe lewende een gevind word, of soos Paulus stel "om Christus uit die dood terug te bring." (Rom. 10: 7)

Paulus verklaar wys dat gelowiges nie vir die Here Jesus Christus of van die hemel aarde toe bring of uit die dood uit terug bring nie (10: 7,8) met die woorde: " Hier by jou is die woord, in jou mond en in jou hart" – dit is die woord van geloof wat ons verkondig." (10: 8) Christus is self so teenwoordig met ons dat Hy ons met sy teenwoordige liefde vervul (Rom. 8: 38.39) Hy maak ons reg en volkome vir God se liefde en Hy laat ons gebroke gehoorsaamheid vol foute, en misplaaste bedoelings vir God reg en volkome wees.

Jesus Christus wat self uit die dood uit opgestaan het en vandag lewend mens van vleis en bloed in die hemel is, word nie deur ons met herlewings of opwekkings uit die dood lewend gemaak nie. Jesus Christus is self die Here god wat God met ons is en ons bring God nie van die hemel af aarde toe nie. Ons bely Jesus is die Here van Deut. 6: 4 wat as mens uit die dood uit opgestaan het. Met hierdie geloof is ons harte van vol en loop ons mond van oor.

5. Wat gaan ons jongmense wat hul geloof in die Here bely nooit doen nie?

Hulle gaan nooit doen nie wat Paulus gelowiges in 2 Kor. 10 – 12 verbied om te doen. Hulle gaan nooit spog oor wat hulle vir Jesus Christus doen nie (11: 16, 30) Die 1983 vertaling noem dit " grootpraat". Hulle gaan ook nooit vertel van hul belewenisse met die Here nie. (12: 1 -7)

Paulus noem spog en vertel van belewenisse met God – dwaasheid. Wat is die dwaasheid van hierdie gespog oor wat jy vir die Here doen en hoe jy die Here beleef in drome en visioene? Dwaasheid is die kennis van God in afgodsdiens. Om God as en soos 'n afgod te ken en te dien is dwaasheid. Wysheid is om God te doen soos Hy Homself openbaar. Die dwaasheid van hierdie gespog en belewenisse is om dat so te vertel asof God daardeur werk soos Hy werk deur die getuienis oor wie Jesus Christus is. Deur die getuienis oor Jesus Christus sluit God mense in Christus in en maak Hy sondaars regverdig. Deur vertellings oor wat jy vir Jesus doen en hoe jy Jesus beleef doen God absoluut niks nie. Om voor te gee dat God deur jou vertellings oor jou werk vir en belewenisse van God werk, is dwaasheid.

Die verskil tussen ons geloofsbelydenis in Christus en mense se vertellings oor wat hulle vir Jesus doen en hoe hulle hom beleef, is soos die verskil tussen om te praat oor die liefde waarmee jy in die huwelik vervul word en om te praat van al jou belewenisse met jou eggenoot – die saam reis, saam uitgaan en om saam huis en tuin te maak. Jy getuig oor jou man se liefde vir jou en vertel van wat jy vir hom doen en met hom beleef.

Die openbare belydenis van die gemeente in die Here is 'n getuienis oor die Here se liefde vir jou, en dit bely ons altyd saam as die evangelie in die 12 artikels of ook genoem die Apostoliese geloofsbelydenis. Hierdie is die liefde waarmee die Here

ons hart vervul en waarvan ons monde oorloop- wie Hy as Christus en Here is en wat Hy vir ons doen.

In die nuwe bygelowige geestelikheid binne die kerk, word jongmense se openbare belydenis in die Here, die evangelie, nou vervang met vertellings oor hulle geestelike belewenisse en alles wat hulle die Jesus doen of gedoen het. Paulus noem hierdie vertellings waarmee kinders en jongmense nou in die kerk kort-kort van moet praat voor die gemeente, spog en dwaasheid. Daarom sal ons jongmense dit nooit doen nie – ons het vir hulle die verskil tussen getuig as 'n openbare belydenis van die Here en geestelike gespog oor jou belewenisse geleer.

6. Deur ons jongmense se openbare belydenis van hul geloof in die Here Jesus Christus kry hulle toegang tot die Nagmaal.

Deur hulle geloof in die Here kan hulle alles ontvang wat die Here vir hulle met hierdie teken gee. In die Nagmaal ontvang hulle van die Here die teken dat hulle nie die Here uit die dood moet terugbring met een of ander geestelike herlewing of belewenis nie. Die Here gee vir hulle brood en wyn as teken dat Hy vandag mens van vleis en bloed in die hemel is. Hy het uit die dood uit opgestaan as mens en leef so as mens vandag in die hemel. Hulle moet nie die Here lewendig maak uit die dood uit deur Hom in hulle in te nooi en in hulle te laat kom leef nie. Die Here leef as mens sy eie menslike lewe van dag in die hemel – dit bevestig die Here met die teken van sy menslike liggaam en menslike bloed – die brood en wyn.

In die Nagmaal gee die Here vir ons jongmense die teken dat hulle nie na die hemel hoef op te klim om Hom met belewenisse af aarde toe moet bring nie. Die brood en wyn is juis tekens wat ons verseker dat Christus as Here ons insluit by wie Hy as mens in die hemel is – daarom staar ons nie na die brood en wyn nie, ons eet die brood en drink die wyn. Daardeur verseker die Here ons dat ons hier en nou in hierdie vereniging met hom as mens in die hemel leef – syne is myne en myne is Syne. Sy heiligheid, regverdigheid, onskuld, gehoorsaamheid en vlekloosheid as mens in die hemel is hier en nou myne op aarde en al my skuld, onheiligheid, onregverdigheid en sondes is Syne. Wie Hy in die hemel is wys Hy met die brood en wyn dat ons nou hier op aarde daarvan deel is.

In hierdie tekens sien en weet ons ons mag nie probeer om God se goddelikheid vanuit die hemel hier op aarde te moet deel maak van ons lewe en God vir ander mense te wys of mee te deel nie. Ons moet die mens wees wie die Here ons op aarde laat wees deur ons vereniging met Hom as mens in die hemel.

In die gebreekte brood en uitgegiete wyn tekens van die Nagmaal sien en voel ons dat ons nooit enige offers vir God vir ons sondes bring nie. Hy is as offer die gebreekte en uitgegiete mens vir alle sondes wat ons ooit sal doen, gewees. Ons bring nie ons hart, lewe, self, eie-ek, eiendom, taal en kultuur as offer vir sondes nie. Ons leef diensbaar in God se onskeidbare liefde in en met alles wie en wat ons as mense is.